Legacy Invest

*A legacy of wealth*

# Aansoek om subskripsie van aandeeleenhede

**Avalon Memoriam Investments 1 BPK**

Registrasienommer: 2008/027740/06

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid Afrika)

www.legacyinv.co.za

**Avalon Memoriam Investments 1 BPK**
Registrasienommer: 2008/027740/06 (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid Afrika)

**AANSOEKVORM VIR SUBSKRIPSIE VAN AANDEELEENHEDE**

In nakoming van die bepalings van die prospektus, uitgereik in ooreenstemming met die Wet op Maatskappye, 1973 (Wet Nr 61 van 1973), soos aangepas.

Hierdie aansoekvorm moet ná voltooiing, per hand of per pos, by die volgende adres besorg word:

Legacy Invest
Suite 2, Canterburypark
President Reitzstraat 67, Westdene, Bloemfontein, 9301

***Let wel:*** *Alle inligting moet voltooi en alle blokkies moet gemerk word. Aansoeke is onderhewig aan die bepalings soos hieronder uiteengesit asook aan die bepalings van die Private Plasing waarin hierdie aansoekvorm vervat is.*

**AAN: Die direkteure van Legacy Invest met betrekking tot Avalon Memoriam Investments 1 BPK**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat ek oor volle regsbevoegdheid beskik om hierdie kontrak aan te gaan. Ek doen hiermee onvoorwaardelik aansoek om subskripsie van die aantal aandeeleenhede teen R1000 (Eenduisend Rand) per eenheid, of minder, wat aan my toegeken mag word volgens oordeel van die direkteure, in ooreenstemming met die bepalings van die Private Plasing soos uitgereik deur die direkteure van Avalon Memorium Investments 1 BPK ("die maatskappy").

- Ek heg hierby 'n tjek/poswissel/bankwissel (gekruis "nie verhandelbaar nie") aan, uitgemaak aan *"Cronjé en Buitendag Prokureurs Trustrekening"* ten bedrae van die bedrag hieronder vermeld.
- Ek begryp dat die minimum aantal aandele waarom aansoek gedoen kan word, 10 (tien) is.
- Ek begryp en stem toe dat genoemde prokureursfirma my geld sal belê in 'n afsonderlike, rentedraende trustrekening by hul bankiers, in nakoming van die bepalings van seksie 78(2A) van die wet op Prokureurs, 1979.
- Ek verklaar hiermee dat ek begryp en instem dat my subskripsie vir aandeeleenhede in Avalon Memoriam Investments 1 Beperk oor 'n vasgestelde periode van 72 (twee-en-sewentig) maande strek.
- Ek verklaar hiermee dat ek begryp en instem tot die verpligte voorwaarde van subskripsie dat enige en alle aandeeleenhede in Avalon Memoriam Investments 1 Beperk, aan die einde van die vasgestelde tydperk, aan die maatskappy, of hul genomineerde, terugverkoop sal word teen R2 200.00 (tweeduisend tweehonderd Rand) per eenheid.
- Ek verklaar hiermee dat ek begryp en instem daartoe dat die aanvaarding van my aansoek om subskripsie van gekoppelde aandeeleenhede in Avalon Memoriam Investments 1 Beperk, onderhewig is aan die voorgenoemde bepalings en voorwaardes. Ek stem voorts in om te voldoen aan alle bepalings en voorwaardes en onderneem om alles nodig te doen en alle nodige dokumente te onderteken wat betrekking het op die implimentering van hierdie transaksie.
- Ek verklaar dat ek, voor voltooiing van die aansoekvorm, in my persoonlike hoedanigheid die volledige en onveranderde prospektus ontvang het.

**Opsioneel – Sou my/ons aansoek om die verkryging van aandele eenhede onsuksesvol wees, gee ek/ons die promotor opdrag om:**

☐ My/ons geld in die prokureurs se trustrekening te hou in ooreenstemming met seksie 78(2A) van die wet op prokureurs van 1979, en ek/ons magtig die promotor om genoemde fondse te belê in enige bestaande eiendomsprospektus wanneer die geleentheid vir sodanige belegging hom voordoen.

☐ My/ons geld in die prokureurs se trustrekening te hou in ooreenstemming met seksie 78(2A) van die wet op prokureurs van 1979, totdat ek/ons die geleentheid gehad het om die bepalings van enige toekomstige, geregistreerde prospektus te oorweeg en aansoek te doen om die toekenning van aandeeleenhede aan my/ons in die openbare maatskappy wat in daardie prospektus genoem word.

☐ My/ons geld in my/ons bankrekening terug te betaal.

Volle naam van aansoeker: _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _      _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

*Handtekening van aansoeker*      *Datum*

Makelaar: _______________________________________________

**Voltooi indien die aansoek in die naam van 'n individu gedoen word:**

Titel: __________________ Van: ______________________________

Volle name: _______________________________________________

Identiteitsnommer: ______________________ Inkomstebelasting registrasienommer: ______________

**Voltooi indien aansoek gedoen word in die naam van 'n trust of regsentiteit / voog en verstrek die naam van die gemagtigde persoon:**

Naam van trust / regsentiteit: _______________________________________________

Registrasienommer: _______________________________________________

Naam van verteenwoordiger: _______________________________________________

Hoedanigheid van verteenwoordiger: _______________________________________________

Taalvoorkeur: ☐ - Engels ☐ - Afrikaans

Posadres (verkieslik 'n posbusnommer): ______________________________ Poskode: __________

Woon- / straatadres: _______________________________________________

______________________________________________________ Poskode: __________

Tel: ______________________________ (w) ______________________________ (h)

Sel: __________________________ E-posadres: ______________________________

TOTALE aantal aandeeleenhede waarom aansoek gedoen word: ______________________________

Bedrag van tjek hierby aangeheg: R ______________________________

Bostaande bedrag in woorde: _______________________________________________

**Bankbesonderhede:** Naam van rekening: _______________________________________________

(Verpligtend)) Bank: _______________________________________________

Rekeningnommer: ______________________________ Takkode: ______________

Tipe rekening: ☐ - Tjek ☐ - Spaar ☐ - Transmissie

**Bankbesonderhede vir deponering van beleggingsbedrag:**

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam: | Cronjé en Buitendag |
| Bank: | Eerste Nasionale Bank (ENB) |
| Rekeningnommer: | 622 718 11450 |
| Tak: | Southern Centre |
| Takkode: | 252005 |
| Verwysingsnommer: | AM1/___________________________ < voeg kliënt se voorletters en van in |

**Sluit asseblief die volgende dokumentasie by u aansoek in:**

☐ - Bewys van betaling

☐ - Afskrif van u identiteitsdokument

☐ - Bewys van die woonadres van die aansoeker (nie ouer as ses maande nie)

☐ - Bewys van bankbesonderhede van die aansoeker (nie ouer as ses maande nie)

☐ - Voltooide identifikasie- en verifikasievorm

Notas: _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

**VERKLARING DEUR MAKELAAR**

Ek, _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _, bevestig hiermee dat die belegger 'n bestaande kliënt is:

Kliënt se volle voorname en van: _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Identiteitsnommer: _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Tel: _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ Sel: _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Woonadres: _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ Poskode: _ _ _ _ _ _ _ _

en dat ek my vergewis het van, en die identiteit van die kliënt nagegaan het. Ek onderneem om rekord te hou, in nakoming van die bepalings van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, wet 38 van 2001, en enige ander relevante wetgewing, regulasies of riglyne in hierdie verband, na te kom.

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

*Handtekening van makelaar* *Datum*

FDV-kode van makelaar: _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

**BEPALINGS VAN DIE AANSOEK**

1. **Bepalings en voorwaardes**
   Bepalings en voorwaardes verwys na die bepalings en voorwaardes soos in die prospektus uiteengesit onder die opskrif "Besonderhede van die aanbod" insluitende alle ander bepalings en voorwaardes in die prospektus asook hierdie aansoek.
2. **Betaling**
   In nakoming van die bepalings van hierdie aansoek, moet betaling geskied deur middel van 'n gekruisde tjek, elektroniese oorbetaling, pos- of bankwissel, gemerk "nie verhandelbaar nie" en moet uitgemaak word aan die prokureurs "Cronjé en Buitendag Trustrekening – Avalon Memoriam Investments 1 BPK". Die tjek, pos- of bankwissel moet gepos word aan, of afgelewer word in 'n koevert wat duidelik gemerk is: "Avalon Memoriam Investments 1 BPK".
3. **Volmag en dokumente**
   Die promotor is geregtig om volmagte, resolusies of ondersteunende dokumentasie wat verband hou met die aansoek, aan te vra van enige aansoeker.
4. **Aansoekers**
   Enige individu, trust, regsentiteit of vrywillige vereniging is geregtig om aansoek te doen om die toekenning van 'n minimum van 10 (tien) aandeeleenhede. Elke aansoek wat ingedien word, moet in slegs EEN naam wees en slegs EEN adres moet vir die aansoeker verskaf word. Volgens die diskresie van die direkteure, kan 'n aansoeker toegelaat word om sy/haar reg op die aandele aan hom/haar toegeken, aan iemand anders te sedeer. 'n Minderjarige persoon moet deur sy/haar voog bygestaan word hierin.
5. **Veranderinge**
   Alle wysigings wat op die aansoekvorm aangebring word, moet deur 'n volle handtekening gewaarmerk word.
6. **Kwitansies**
   Geen kwitansie sal uitgereik word as bewys van ontvangs van 'n aansoek nie. Bogenoemde prokureurs sal egter skriftelike erkenning gee van ontvangs van die betaalde beleggingsbedrag.
7. **Adres**
   Alle korrespondensie, die aandele- en eisesertifikate asook rentetjeks, sal na die posadres van die aansoeker, soos verstrek op hierdie aansoekvorm, gepos word. Posbusnommers is verkieslik vir hierdie doeleindes. Ontvangs van dokumentasie deur die pos, bly die risiko van die aansoeker. Aandele- en eisesertifikate sal per geregistreerde pos, asook per e-pos, aan alle aansoekers gestuur word, op risiko van die aansoeker, maar geen kennisgewing van die sukses van 'n aansoek sal aan enige aansoeker gestuur word nie.
8. **Reg tot weiering**
   Die promotor behou die reg voor om enige aansoek, ten dele of in geheel, af te keur; om sommige aansoeke in geheel en ander gedeeltelik te aanvaar, of om enige of alle aansoeke te verminder op 'n basis soos deur homself bepaal.
9. **Afkeur van aansoeke**
   Aansoeke mag afgekeur word indien voorwaardes soos vervat in die Private Plasing, waarvan hierdie aansoekvorm en instruksies 'n integrale deel vorm, nie nagekom word nie.
10. **Afkoelperiode**
    'n Aansoek om aandeeleenhede kan nie herroep word alvorens drie dae ná die opening van die subskripsielys verstryk het nie. 'n Belegger het 'n afkoelperiode van sewe (7) dae ná datum van aansoek om aandeeleenhede (soos aangdui op die aansoekvorm) om sy/haar aansoek terug te trek.
11. **Aanvaarding van aansoek**
    Alle aanbiedinge vir aandeeleenhede wat deur die promotor aanvaar word, is onderhewig aan die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit in die Private Plasing en die memorandum en statute van die maatskappy.
12. **Terugtrekking van aansoek**
    Indien die belegger toegelaat word om sy belegging te onttrek ná registrasie en oordrag van die vaste bates, sal boetes en administratiewe fooie, soos uiteengesit in die prospektus, betaalbaar wees.
13. **Onvolledige aansoekvorms en foutiewe inligting**
    Om die suksesvolle prosessering van die aansoek te verseker, moet die aansoekvorm volledig voltooi word. Die kliënt is verantwoordelik vir die verstrekking van die korrekte inligting en besonderhede op die aansoekvorm.

**OPENBAARMAKINGSVEREISTES SOOS GESPESIFISEER DEUR DIE WET OP FINANSIëLE ADVIES- EN TUSSENGANGERDIENSTE, (FATD) WET 31 VAN 2002**

**Inleiding**

Die FATD-wet het op 1 Oktober 2004 van krag geword en die doel hiervan is die beskerming van verbruikers en die bevordering van die integriteit van die finansiële dienste industrie. Die doel van hierdie openbaarmaking, kliënt mandaat en rekord van advies is die daarstel van 'n duidelike, verstaanbare kontraktuele ooreenkoms / verhouding, rakende die lewering van die finansiële diens, tussen die adviseur (verteenwoordiger), die kliënt (belegger), finansiële dienste verskaffer (FDV) en die promotor.

**Besonderhede van die gemagtigde FDV (Legacy Invest)**

| | |
|---|---|
| Naam: | Dovetail Trading 509 BK, h/a Legacy Invest |
| Straatadres: | Suite 2, Canterburypark, President Reitzstraat 67, Westdene, Bloemfontein, 9301 |
| Posadres: | Posbus 29787, Danhof, 9310 |
| Registrasienommer: | 2002/082361/23 |
| Kontakpersoon: | Herman Lombaard |
| Telefoonnommer: | 051 447 7480 |
| Faksnommer: | 086 642 5459 |
| E-posadres: | admin@legacyinv.co.za |
| Finansiële Dienste Verskaffer-nommer: | 19653 |
| Finansiële Dienste registrasie t.o.v. FATD: | Advies & Tussenganger Diesnte |
| Finansiële produk registrasie t.o.v. FATD: | Sekuriteite & Instrumente: Aandele<br>Sekuriteite & Instrumente: Skuldbriewe en versekerde skuld |
| Professionele Aanspreeklikheidsdekking: | Ja |
| Nakomingsbeampte: | Messrs Moonstone Nakoming (Edms) Bpk<br>1e Vloer, Valerda Sentrum, Piet Retiefstraat, Stellenbosch<br>Posbus 12662, Die Boord, 7613, Stellenbosch<br>Telefoon: 021 883 8000; Faks: 021 883 8005/2590<br>E-pos: info@moonstoneinfo.com |

**Klagte Beslissingsprosedure**

In die belang van alle kliënte, het Avalon Memoriam Investments 1 BPK 'n geskrewe, interne klagte beslissingsprosedure in plek gestel. Toegang tot hierdie geskrewe prosedure kan gedurende kantoorure van Legacy Invest verkry word. In geval van enige navrae / klagtes rakende die finansiële dienste gelewer aan die kliënt deur die finansiële dienste verskaffer, moet die betrokke skriftelike navrae / klagtes aan bostaande adres gestuur word. Alle inligitng en dokumentasie wat betrekking het op die navraag / klagte, moet aangeheg word.

**Bykomende inligting**

Die produkverskaffer is Avalon Memoriam Investments 1 BPK (die maatskappy wat die aandele uitreik).
Avalon Memoriam Investments 1 BPK besit geen aandele in die promotor (Legacy Invest) nie.
In die voorafgaande 12 maande het Legacy Invest ('n afdeling van Dovetail Trading 509 BK / 'n gemagtigde finansële dienste verskaffer / FDV 19653) nie meer as 30 % van hul totale vergoeding (kommissie ingesluit) vanaf die produkverskaffer ontvang nie.

**Besonderhede met betrekking tot Avalon Memoriam Investments 1 BPK (produkverskaffer)**

Soos uiteengesit in die prospektus.

**Besonderhede met betrekking tot die Promotor**

Die promotor is Legacy Invest ('n afdeling van Dovetail Trading 509 BK / 'n gemagtigde finansële dienste verskaffer / FDV 19653) soos uiteengesit in die prospektus.

\- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

*Handtekening van kliënt* *Handtekening van adviseur*

**BESONDERHEDE VAN DIE ADVISEUR (KORREK-GEREGISTREERDE VERTEENWOORDIGER VAN AVALON MEMORIAM INVESTMENTS 1 BPK)**

Naam: _______________________________________________

Tel: ______________________ Sel: ______________________

E-;posadres: _______________________________________________

Pos adres: _______________________________________ Poskode: __________

Woonadres: _______________________________________________

_______________________________________________ Poskode: __________

Produkte waarvoor geregistreer: _______________________________________________

_______________________________________________

Sekuriteite en Instrumente: Aandele en Sekuriteite

Sekuriteite en Instrumente: Skuldbriewe en versekerde skuld

FDV-kode van adviseur: _______________________________________________

**Adviseursbevestiging en inligting** (moet deur die adviseur voltooi en parafeer word)

Die adviseur het in die voorafgaande 12 maande meer as 30% van sy/haar totale vergoeding (alle kommissie verdien, ingesluit) van die produkverskaffer (Avalon Memoriam Investments 1 BPK) ontvang ☐ - Ja ☐ - Nee

Die adviseur besit aandele in die produkverskaffer (Avalon Memoriam Investments 1 BPK) ☐ - Ja ☐ - Nee

- Die adviseur sal 'n eenmalige kommissie-uitbetaling van 6% van die beleggingsbedrag, soos deur die belegger gemaak, van die promotor ontvang.
- 100 % van die belegging soos gemaak deur die belegger sal bestee word aan die uitreiking van aandele in Avalon Memoriam Investments 1 BPK.
- Die adviseur is 'n onafhanklike FDV en is nie geregistreer as 'n verteenwoordiger van Legacy Invest om advies te verskaf en tussengangerdienste te lewer ten opsigte van die volgende produkte nie:
  - Sekuriteite en Instrumente: Aandele en Sekuriteite
  - Sekuriteite en Instrumente: Skuldbriewe en versekerde skuld nie; en

  Avalon Memoriam Investments 1 BPK aanvaar volle verantwoordelikheid vir finansiële dienste gelewer deur die adviseur met betrekking tot die openbare aanbod gemaak deur Avalon Memoriam Investments 1 BPK en hul prospektus. Die adviseur lewer nie finansiële dienste onder leiding / instruksie / toesig van Avalon Memoriam Investments 1 BPK of Legacy Invest, in uitvoering van 'n mandaat, nie.

______________________________ ______________________________

*Handtekening van kliënt* *Handtekening van adviseur*

**KLIËNTEMANDAAT EN REKORD VAN ADVIES**

Ek, ___________________________________________________________________________________________________

(belegger se volle name en van) bevestig hiermee dat ek instem tot die volgende bepalings en voorwaardes aangaande my verhouding met die adviseur of finansiële dienste verskaffer (Legacy Invest m.b.t. Avalon Memoriam Investments 1 BPK) ten opsigte van die finansiële dienste gelewer soos in ooreenstemming met die FATD wet:

Ek versoek hiermee die adviseur om my van raad te bedien en aan my bystand te verleen met die implimentering van die **ENKELE BEHOEFTE** soos versoek, voortspruitend uit my vrywillige versoek om subskripsie van eenhede (aandele) in die openbare aanbod gemaak deur Legacy Invest m.b.t. Avalon Memoriam Investments 1 BPK, en soos uiteengesit in die prospektus (bylaag ingesluit) en aansoekvorm (ingesluit by die prospektus).

Ek begryp dat die adviseur, deur sy/haar ooreenkoms met Legacy Invest m.b.t. Avalon Memoriam Investments 1 BPK beperk word om slegs die prospektusaanbod deur Legacy Invest m.b.t. Avalon Memoriam Investments 1 BPK te bevorder en dat hy/sy nie enige ander beleggingsadvies /opinies of enige ander finansiële dienste sal lewer, buiten dié vervat in die prospektus, kliëntemandaat en rekord van advies nie.

Weens die beperkte aard van hierdie mandaat en rekord van advies, sal 'n omvattende behoefte-ontleding of finansiële risikoprofiel nie deur die adviseur saamgestel word nie. **Ek begryp dat enige advies verskaf / instruksies uitgevoer deur die adviseur, 'n impak mag hê op my:**

- algemene finansiële doelwitte;
- finansiële situasie;
- likiditeit;
- aftreebeplanning;
- beleggingsbeplanning;

**en gevolglik mag daar dus beperkings op die toepaslikheid van die gelewerde advies wees. Ek sal dus besondere voorsorg tref by die oorweging en implimentering van die advies aan my gelewer. Ek begryp voorts ook die finansiële implikasies van my besluit om die aanbevelings van die adviseur te implimenteer / nie te implimenteer nie. Ek bevestig dat alle aannames deur die adviseur gemaak in die lewering van hierdie finansiële diens, aan my verduidelik is en ek stem saam dat hierdie aannames as redelik beskou kan word.**

**Ek bevestig en begryp dat die finansiële diens gelewer deur die adviseur beperk is tot advies oor aandeeleenhede in die Legacy Invest m.b.t. Avalon Memoriam Investments 1 BPK-prospektus alleenlik. Daar word spesifiek kennis geneem dat die verantwoordelikheid ten volle by my berus om enige verdere / ander finansiële behoeftes / doelwitte te bespreek met hierdie of 'n ander adviseur in sy/haar persoonlik-gemagtigde hoedanigheid (bedoelende onder sy/haar eie finansiële dienste verskafferslisensie).**

Ek stem in om alle relevante inligting betyds te verskaf om sodoende die adviseur in staat te stel om die dienste / instruksies so akkuraat as moontlik af the handel en te implimenteer. **Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir die korrektheid en volledigheid van alle antwoorde, verklarings of inligting deur my verskaf.** Ek besef dat enige wanvoorstelling of nie-openbaarmaking van 'n wesenlike feit, of die verskaffing van onjuiste inligting deur my, gevolglike skade vir my kan meebring. **Ek verklaar dat die aansoekvorm en/of enige ander dokumentasie met betrekking tot hierdie enkel-behoefte-opdrag, volledig voltooi was voordat ek dit onderteken het. Ek verklaar voorts dat ek seker gemaak het dat alle inligting soos verstrek in hierdie dokumentasie, na my beste wete, korrek is.**

Ek begryp dat daar aan die bepalings van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum (FICA) voldoen moet word, en het alle nodige inligting en dokumentasie in hierdie verband aan die adviseur verskaf.

**Ek het die inligting rakende openbaarmaking deur Legacy Invest m.b.t. Avalon Memoriam Investments 1 BPK gelees en ek is tevrede met die inhoud daarvan. 'n Afskrif van die prospektus en alle relevante dokumentasie is deur my ontvang.**

**Alle dokumente en inligting, met inbegrip van alle bepalings, voorwaardes, voordele, uitsluitings en beperkings, is aan my verduidelik sodat ek dit verstaan. Ek verklaar dat ek genoeg tyd en inligitng tot my beskikking gehad het om 'n ingeligte besluit te kan neem.**

\- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -    - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

*Handtekening van kliënt* *Handtekening van adviseur*

**KLIËNTEMANDAAT EN REKORD VAN ADVIES** (vervolg)

Sou die adviseur my na 'n derde party verwys vir enige advies / tussengangerdienste, kan Legacy Invest m.b.t. / of Avalon Memoriam Investments 1 BPK nie aanspreeklik gehou word vir die aanbevelings, leiding, voorstelle of finansiële dienste wat deur so 'n derde party gelewer word nie. Dit word beskou as 'n afsonderlike aangeleentheid tussen myself en genoemde derde party.

Legacy Invest m.b.t./of Avalon Memoriam Investments 1 BPK en die adviseur onderneem om alle inligting deur my verskaf, as vertroulik te hanteer, en dit slegs openbaar te maak wanneer hulle wetlik daartoe verplig word, of dit aan te wend in die implimentering van my instruksies.

Voor uitvoering van die enkel-behoefte-instruksie soos vervat in hierdie mandaat en rekord van advies, is ek ingelig oor my regte ten opsigte van die vryheid van keuse en ek verklaar dat ek hierdie vryheid van keuse uitgeoefen het. Ek is op geen manier gedwing of beïnvloed in die neem van hierdie besluit, by die maak van enige vrye keuse of in die uitoefening van ander regte nie.
In terme van die ooreenkoms / mandaat tussen die adviseur en Avalon Memoriam Investments 1 BPK of Legacy Invest, begryp ek dat Legacy Invest m.b.t./of Avalon Memoriam Investments 1 BPK / adviseur nie 'n belasting deskundige is nie en dat alle belastingnavrae gerig moet word aan my ouditeur of ander belastingkonsultant voordat enige instruksies deur my aan die adviseur gegee word.

Ek verklaar hiermee dat ek die prospektus, bylaag en all dokumentasie met betrekking tot die openbare aanbod deur Legacy Invest m.b.t. Avalon Memoriam Investments 1 BPK gelees het en dat ek die inhoud daarvan ten volle verstaan. Ek erken voorts in besonder dat my beleggingskapitaal in Avalon Memoriam Investments 1 BPK, volgens die prospektus, beveilig is. Ek is ook bewus van die feit dat ongenoteerde aandele nie geredelik bemarkbaar is nie en sou Avalon Investments 1 BPK nie hul doelwitte (soos in die prospektus uiteengesit) bereik nie, dit mag lei tot die verlies van my belegging. Ek neem kennis van die risikofaktore soos uiteengesit in klousule 9.6 van die prospektus; ek verklaar dat ek dit gelees het, dit verstaan en ek aanvaar hierdie risiko ten volle.

Ek begryp dat Legacy Invest/Avalon Memorium Investments 1 BPK verplig is om rekord te hou van die advies aan my gelewer deur die adviseur en deur die ondertekening van hierdie kliëntemandaat en rekord van advies, bevestig ek dat die Legacy Invest/Avalon Memoriam Investments 1 BPK aanbod aan my verduidelik is en dat ek 'n ingeligte besluit hieroor geneem het. Gebaseer op die inligting aan my verskaf, versoek ek die adviseur hiermee om my spesifieke enkel-behoefte om aansoek te doen om die subskripsie van aandele (soos in die aansoekvorm, aangeheg by die prospektus, uiteengesit) te implementeer.

Ek doen hiermee aansoek om (aantal) ____________ x R1000.00 aandele met 'n totale waarde van R____________________-_____, vir 'n beleggingstydperk van ses (6) jaar (+ afkoelperiode) met aanvaarding van alle koste t.o.v. onttrekkings soos gespesifiseer in die Legacy Invest m.b.t. Avalon Memoriam Investments 1 BPK prospektus.

Geteken te ________________________________________ op hierdie _____________ dag van ___________________________ 2010

met **domicillium citandi et executandi** (woonadres) ____________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -     - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

*Handtekening van kliënt*     *Handtekening van adviseur*

**IDENTIFIKASIE EN VERIFIKASIE VORM (REGSPERSOON)**

Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, wet 38 van 2001 (FICA)

**Suid Afrikaanse Maatskappy of Beslote Korporasie**

Die identifikasie en verifikasie vorm (Regspersoon) moet voltooi word vir:
**Maatskappy**

- bestuurder van maatskappy
- persoon gemagtig om namens maatskappy op te tree
- natuurlike persoon / wettige persoon, vennootskap of trust wat 25 % of meer van die stemreg het by 'n algemene vergadering van die maatskappy

**Beslote Korporasie**

- elke lid van die beslote korporasie
- elke persoon gemagtig om namens die beslote korporasie op te tree

Dokumentasie wat gebruik word as bewys van die wettige bestaan van 'n Suid Afrikaanse maatskappy of beslote korporasie (merk die toepaslike blokkie):

**Maatskappy**

☐ Sertifikaat van inlywing (vorm CM1), gestempel deur die Registrateur van Maatskappye en onderteken deur die maatskappy sekretaris, waarop die geregistreerde maatskappynaam, registrasienommer, naam waaronder handel gedryf word en adres van hoofkantoor of takkantoor wat die kontrak aangaan, weergegee word.

☐ Kennisgewing van registrasiekantoor, verhuringsinstansie en posadres (vorm CM22), gestempel deur die Registrateur van Maatskappye en onderteken deur die maatskappy sekretaris, waarop die geregistreerde adres verskyn.

**Beslote Korporasie**

☐ Stigtingsverklaring (vorm CK1) of gewysigde stigtingsverklaring (CK2), gestempel deur die Registrateur van Beslote Korporasies en onderteken deur 'n gemagtigde lid / werknemer waarop die geregistreerde naam, registrasienommer, bevestigde adres en naam waaronder handel gedryf word, verskyn.

**Vir beide Maarskappye en Beslote Korporasies**

Dokumentasie wat ingedien word om te dien as bevestiging van die geregistreerde naam of naam waaronder handel gedryf word, asook die besigheidsadres van die maatskappy of beslote korporasie (merk die toepaslike blokkie):

☐ Munisipale dienste rekening (nie ouer as 6 maande nie)

☐ Bank- bouvereniging of kredietkaart staat ( nie ouer as 6 maande nie)

☐ Huisverband staat van 'n bank of ander erkende finansiële instansie (nie ouer as 6 maande nie)

☐ Telefoonrekening (nie ouer as 6 maande nie)

☐ Dokument wat dien as bewys van 'n besoek aan die perseel van u woonadres (nie ouer as 6 maande nie)

☐ Munisipale erfbelasting rekening/faktuur (nie ouer as 6 maande nie)

☐ Bestaande huur-/ verhuringsooreenkoms

☐ Onlangse SAID belastingopgawe of IRP5

☐ Korttermynversekeringsdokument waarop die risiko adres aangetoon word

**IDENTIFIKASIE EN VERIFIKASIE VORM (REGSPERSOON)** (vervolg)

In die geval van 'n regspersoon, vennootskap of trust wat oor meer as 25% van die stemreg by 'n algemene vergadering van die maatskappy beskik, dui aan watter dokumentasie ingedien word as bewys van die bestaan van so 'n instelling (merk die toepaslike blokkie(s) hieronder):

☐ Suid Afrikaanse Maatskappy-dokument: vorm CM1 of CM22 wat die geregistreerde naam, registrasienommer, geregistreerde adres, naam waaronder handel gedryf word en besigheidsadres van die maatskappy aantoon

